INSTITUUT VIR EIETYDSE GESKIEDENIS
Die Universiteit van die Oranje-Vrystaat

| Publikasie nr. | Datum | Onderwerp nr. | Dokument nr. |
| --- | --- | --- | --- |
| 0 1 2 4 | 821116 3210 | 329 | 3190 |

HOOFSTAD Jg. ... Nr. ... P. 9 Dat. 82 11. 16.

# Sabotasieskade R20 000— hof

**Hofverslaggeefster**

SKADE van R20 000 is aangerig by die sabotasie van die EVKOM-kragsentrale by Transalloys in die Witbank-distrik, is gister in die Pretoriase Hooggeregshof getuig.

Mnr. A. A. Oberholzer het vertel dat twee verkoelers en 'n weerligafleier deur die ontploffing beskadig is. Tog was daar geen produksieverlies nie.

Verdere getuienis is aangehoor en die verhoor van Rogerio Hoffsani Chamusso (32). Hy staan tereg op twee aanklagte van moord en drie aanklagte van terroristiese bedrywighede.

Chamusso, 'n Mosambiekse burger, word daarvan beskuldig dat hy opleiding in Angola ondergaan het om die orde en wet in Suid-Afrika omver te werp en dat hy daarna 'n aandeel gehad het in die sabotasie van die EVKOM-substasie by Transalloys.

Hy staan ook tereg op die beweerde moorde op mnre. Lukas Abraham Mans en Rudolph Gerhardus Booysen op 23 Oktober verlede jaar.

Daar word verder beweer dat hy tussen 14 en 24 Oktober verlede jaar in die omgewing waar die moorde en die sabotasie gepleeg is, onwettig in besit was van wapens, ammunisie, plofstof en Russiese kleefmyne.

Kapt. C. H. W. Earle het getuig dat hy op 21 September vanjaar met die beskuldigde gepraat het en dat hy ingestem het om sekere uitwysings te doen.

By 'n uitkenningsparade het 'n 17-jarige swartseun, wat vroeër in camera getuig het, die beskuldigde uit nege aangewys as die persoon wat by die kamp van sy werkgewers aangekom het, kort voordat hulle doodgeskiet is.

Die saak word verhoor deur regter A. P. Myburgh. Advv. P. G Haasbroek (SA) en S. Joubert behartig die saak namens die Staat. Advv. E. J. A. Dane en V. Botha tree namens die verdediging op.

TREFWOORDE

1
2
3
4
5
6
7
8
9
10